Geregistreerde finansiele diensverskaffer
FDR LISENSIE NO 11048
FSB LICENCE NR
MY MAKELAARS
MY BROKERS
1996/020487/23
Die klop van jou geldsake
The beat of your finance
Uitgawe 1 2021

Beste kliënte,

Hierby 'n interessante artikel deur Rocco Carr van Sanlam Glacier asook 'n vergelyking tussen inkomstes van verskeie groeperinge tussen 2017 en 2020 van Liberty, wat die impak van die inperking finansieel op ons bevolking was.

Om terug te kyk in die verlede is gewoonlik hoogstens interessant, want ons is (gelukkig) geneig om slegte tye te vergeet en goeie tye te onthou.

So dink ek toe terug aan 'n oud kollega van my, by name Louis, wat saam met my by Ou Mutual gewerk het. Ons word toe albei makelaars en hy gaan werk by ENB (toe nog Barclays Bank) in Pretoria-Wes wat onder andere baie kliënte van Laudium bedien het.

Hy leer toe heelwat van die Indiërs persoonlik ken en kon gou nes hulle Engels praat "Yo nou".

Eendag stap Mr. Rashbans toe by sy kantoor in en sê; "Howzit Louitche, today I want you to quote me a big life policy, yo nou. You must add all the benefits like death cover, disability, accident, dread disease and whatever else you have, yo nou.
Also build in a good discount Louitchi, OK?"

Louis, baie opgewonde, maak toe so en dit kom toe op 'n lekker vet premie uit.

Toe hy dit aan Mr. Rashbans voorlê, sê diè vir hom: "Very good Louitche, I want eight of those!"

"Why eight?" vra Louis en sê toe: "You can take just one, eight times bigger than the quote."

Mr. Rashbans antwoord toe: "No, you don't understand, I want one for me and my three brothers and also for our wives!"

Hulle verskil natuurlik van geslag, gewig, ouderdom, beroep en diesmeer en Mr. Raschbans het natuurlik nie geweet elke persoon word op eie meriete gekeur nie.

Ek is seker Louis sal die agt vet polisse in sy lewe nooit vergeet nie!

Groete tot volgende keer,

Dolf du Plessis

Dolf du Plessis

082 925 0333 I dolf@mybrokers.co.za

Geregistreerde finansiele diensverskaffer
FDR LISENSIE NO 11048
FSB LICENCE NR
MY MAKELAARS
MY BROKERS
1996/020487/23
Die klop van jou geldsake
The beat of your finance
Uitgawe 1 2021

Maandelikse opdatering

Rocco Carr (Glacier)

Dit is nou byna ‘n jaar sedert die eerste gevalle van Covid-19 in Suid-Afrika uitgebreek het. In hierdie jaar het ons ernstige inperkings, ‘n mark korreksie, ‘n VSA verkiesing en ‘n begrotingsrede ervaar. Vir baie beleggers was die gat tydens die skerp mark korreksie so diep dat niemand weer hoop kon ervaar nie.

Indien ons egter na die vier belangrikste indekse in die Suid-Afrikaanse mark kyk, is dit duidelik dat die eiendomsektor seer gekry en nog baie swaar trek, met selfs die finansiële sektor wat nog in die rooi is oor een jaar. Die groot uitblinker die afgelope jaar was die hulpbronsektor. Die bekendstelling van die eerste Covid entstof, asook die verkiesing van Joe Biden as president van Amerika, het stabiliteit teruggebring en ‘n sikliese swaai in markte veroorsaak.

Hulpbronpryse het skerp begin styg en markte het skielik weer goed begin presteer. Die hulpbronindeks het ná die Amerikaanse verkiesing met byna 50% herstel in die vier maande tot nou.

Februarie was weereens ‘n redelike goeie maand op die beurs met wêreldmarkte wat steeds nuwe hoogtes bereik. Selfs die JSE het sy hoogste vlakke nog bereik in Februarie, en die vraag ontstaan nou wanneer daar dalk ‘n korreksie kan kom. Die groot hoeveelhede geld wat veral deur Amerika in die sisteem ingestort word, stook die vuur en vrese rondom inflasie begin sy kop uitsteek. Tog lyk dit asof inflasie steeds onder beheer is en markte gedy op die goeie nuus. Hierdie aspek sal egter fyn dopgehou moet word.

Verwagtinge is tog dat die partytjie iewers moet afkoel en dat beleggers wins sal begin neem wat die mark effens afwaarts sal druk. Die algehele verwagting is egter dat die momentum na die einde van die jaar steeds sal volhou, maar volatiliteit moet van tyd tot tyd verwag word.

Plaaslik was die groot nuus die maand die lang verwagte begroting. Baie ekonome het vrese van skerp belastingverhogings gehad, maar Mnr. Mboweni het vriend en vyand verras deur belastingvlakke stabiel te hou, en selfs maatskappybelasting effens te verlaag.

Hierdie verlaging is egter ‘n mate van oëverblindery, want met die stelselmatige wegdoening van aftrekbare voordele mag maatskappye dieselfde of selfs meer betaal. Die fokus is egter duidelik dat die fiskus poog om die belastingstelsel te vereenvoudig, soos wat reeds besig is om met aftreebelastings te gebeur. In oorsig was die begroting positief ontvang, maar die groot kopseer vir die regering, en vir baie graderingsagentskappe, is die vlakke van staatsbesteding.

Die begroting het weereens gehou by die besluit van twee jaar gelede om die staat se salarisrekening te beperk, en dit is goeie nuus. Die vraag is egter of die implimentering, veral met druk deur vakbonde, ‘n realiteit kan word. Hierdie punt sal die grootste toets vir Mnr. Mboweni en die kabinet word. Graderingsagentskappe soos Moody’s het reeds aangedui dat hulle nie sukses op die gebied verwag nie.

Tog is dit belangrik om te onthou dat plaaslike faktore minder impak op ons mark het as groot internasionale gebeure.

LEDE
HR du Plessis BA IQA; AM E Kern BA HOD; JI Olivier; A de Ronde CFP, LLB.

Geregistreerde finansiele diensverskaffer
FDR LISENSIE NO 11048
FSB LICENCE NR
MY MAKELAARS
MY BROKERS
1996/020487/23
Die klop van jou geldsake
The beat of your finance
Uitgawe 1 2021





HR du Plessis BA IQA; AM E Kern BA HOD; JI Olivier; A de Ronde CFP, LLB.